Towerlantern Fotografie

fotografienuus

augustus 2024

In die kollig
Lensopening: f2,8;
Sluiterspœd: 1/320 sekonde
Fokale lengte: 100 mm

Dit kan sekerlik gestel word dat meeste Suid-Afrikaners se gemœdstœstand deur die son bepaal word. Dink maar aan 'n koue Hoëveld-winteroggend met wolke, teenoor dieselfde oggend met son.

Netso speel die son 'n baie groot rol by fotografie. Die foto hierby wys een aspek: Laatmiddag-son wat soos 'n helder kollig (Engels: *spot light*) die toneel belig. In die middel van die dag sou die toneel heeltemal anders, en minder treffend, gelyk het.

Ons maandtema is: die son as kollig. Verder, in teenstelling met ons Afrika-son, gaan saam op reis met Towerlantern na Ysland en sien die middernagson – iets wat jy nooit in Suid-Afrika sal sien nie.

Geniet hierdie uitgawe van Fotografienuus. En as jy dalk Ysland of die Olimpiese Spele gaan besœk, stuur jou beste foto's.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Die voorbladfoto-toneel is 'n miniatuurtuintjie – gevind, nie geskep nie. Sulke miniature kom oral in tuine, parke, oop velde en woude voor, wees net op die uitkyk daarvoor. Dit is maklik om so iets af te neem – gaan net laag af op jou knieë, of lê selfs plat.

Die probleem vir 'n fotograaf is egter om 'n treffende foto te skep. Een manier om dit reg te kry, is juis om die son as kollig te gebruik. Dit beteken vroegoggend- of laatmiddagson. Verder help dit baie as 'n makrolens gebruik kan word.

Die tegniese data by die foto vertel juis hierdie verhaal: Fokale lengte 100 mm (100 mm makrolens), lensopening f2,8 (grootste lensopening). Die helder kollig-sonlig het die lensopening van 1/320 sekonde bepaal.

Natuurlik het almal nie makrolense nie. Dit hoef nie 'n probleem te wees nie. Gebruik wat jy het en pas aan. Wees altyd op die uitkyk vir mooi sonlig-tonele.

NUUS vanaf Towerlantern

Komende kursus: Beginnerskursus

Towerlantern bied gedurende Augustus en September weer 'n beginnerskursus aan. Kom leer hœ om jou kamera te hanteer en mooi foto's te neem. Die besonderhede is soos volg:

Plek: Potchefstroom.
Begindatum: 6 Augustus 2024.
Verdere datums sal by die eerste klas afgespreek word om almal te pas.
Tyd: 17:00 tot 19:30.
Prys: R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.
Besonderhede: Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.
Samevatting van kursus: Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspœd; ISO, beligting, ligmeting; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.
Benodigdhede: 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspœd, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.
Adres vir navræ: johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -

NUUS vanaf Towerlantern

2024 se foto-uitstalling

Kyk hier na 2022 en 2023 se uitstallings:
2022: https://youtu.be/qg0dRDOqYg8?si=eNTsgJCxwPJsMFUP
2023: https://youtu.be/ZVGilcL79yM?si=tN8wzAPUXyMJClXt

Towerlantern beplan om weer hierdie jaar die gebruiklike jaarlikse foto-uitstalling aan te bied. Jy word nou reeds uitgenooi om hieraan deel te neem. Neem dus kennis van die volgende sake:

Algemene sake:

- Daar is plek vir slegs 40 uitstallers.
- Plaaslike sowel as studente weg van Potchefstroom is welkom om in te skryf.
- Dit sal 'n fisiese uitstalling wees en daar sal ook 'n aanlyn-aanbieding wees om geleentheid te gee vir alle fotograwe.
- Die uitstalling gee jou die geleentheid om jou beste werke uit te sœk vir vertoning.

Besondere sake:

Saak: Foto-uitstalling (plaaslik en aanlyn).
Uitstalwyse: (a) Gemonteer vir die fisiese uitstalling en (b) elektronies vir die aanlyn-uitstalling (deur middel van 'n PowerPoint-aanbieding).
Uitstaldatum: 10-30 September 2024.
Plek: Snowflake-gebou in Potchefstroom en ook aanlyn.
Uitstallers: Enige fotograaf wat bedrewe is met sy/haar kamera.
Foto-onderwerp: Alle genres.
Keuring: Stuur 10 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.

Onkoste: R150, eenmalig.
Keerdatum: 19 Augustus 2024.
Oproep: Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, sœk uit, stoor dit en wees reg.
Bespreking: Die uitstalruimte is groot, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

BELANGRIK: Verseker nou al jou plek deur vir ons te laat weet dat jy belangstel om foto's uit te stal.

Vir meer besonderhede kontak johan@towerlantern.co.za.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -

Sonkollig-fotografie tema & wenke

Die uitdrukking “sonkollig” impliseer dat die son doelbewus in ag geneem word by die neem van foto’s, en nie maar net “toevallig” nie. Daar moet dus beplan word met die son in gedagte.

Daar is verskillende variasies van “sonkollig”-tonele. Ook wyer as die situasie in die voorbladfoto.

Die volgende moontlikhede kan genoem word:

- ✓ Sonbeligte vroegoggend en laatmiddag miniatuurtonele (soos in die voorbladfoto).
- ✓ Sonkolle teen binnenshuise mure pas nadat die son opgekom het of net voordat dit ondergaan. As daar in die laat middag moontlik veldbrandrook is kan die sonlig ook nog gekleurd wees.
- ✓ Bokeh-kolle veroorsaak deur uitfokus sonligkolle op blare
- ✓ Sonverligte wolke vroeg of laat (die foto hierby wys die idee).
- ✓ Agterbeligte sonkolle met ’n klein toneeltjie in die voorgrond (Foto-idee 1 verderaan wys wat bedoel word).



Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -

RIGLYNE VIR SONKOLLIG-FOTOGRAFIE

VOORAF Neem vir hierdie riglyne aan jy het 'n miniatuurtuintjie (geskep of gevind). Kry die opstelling só dat dit belig word deur laatmiddag sonlig. Omdat dit in effek 'n stillewe is, is 'n driepoot noodsaaklik. Hou steeds komposisie in gedagte.

TIPE LENS
Gebruik 'n makro- of zœmlens byvoorbeeld 100 mm of 70-300 mm.

FORMAAT
Landskapformaat word aanbeveel.

ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

WITBALANS
Stel die witbalans volgens die ligomstandigheid.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Identifiseer 'n gœie trefpunt as fokuspunt.

LENSOPENING
Kies die grootste lensopening, byvoorbeeld f2,8, vir 'n vlak velddiepte.

SLUITERSPOED
Gebruik die kamera se liniaal om die sluiterspœd in te stel vir 'n gœie beligting van die toneel.

FYN FOKUSSERING
Maak seker van 'n baie gœie fokussering van die toneel.

Neem heelwat foto's met variëring van komposisie, beligting en kamera-posisie.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -



Paparazzi



By Towerlantern leer ons ons studente om so veel as moontlik van 'n driepoot gebruik te maak by die neem van foto's. Omdat beide hande dan los is, het jy beter hantering van jou kamera se instellings. Jy kry ook 'n skerper beeld, en jy kan jou foto's se komposisie presies reg dœn.

Natuurlik is dit logies dat daar tye is wat jy nie 'n driepoot kan gebruik nie. Tog bly 'n driepoot steeds die beste keuse, veral as dit daaroor gaan om gœie foto's te neem. En gelukkig besef studente wel ook gou die voordeel van 'n driepoot.

Nou het daar egter in die jongste jare 'n probleem opgeduik. 'n Persoon met 'n driepoot (selfs sonder 'n duur kamera) word baie gou raakgesien as 'n spiœn, 'n paparazzo of 'n soortgelyke skurk. En weens die tyd waarin ons leef, is dit in 'n mate te verstaan.

Die oplossing is natuurlik om terug te val op jou selfoon. En niemand sal dan dink jy is 'n spiœn of van die paparazzi-brigade nie.

Ek was onlangs in die bevoorregte posisie om in 'n baie mooi moderne gebou in Johannesburg te kon kom. Ek sou nie met 'n driepoot kon foto's neem nie – gelukkig het ek wel my selfoon by my gehad. Ek deel graag twee van my foto's wat daar geneem is.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -

KUNSUITSTALLINGS

In die Julie-uitgawe van Fotografienuus het ons gesels oor kunsuitstallings, in die besonder foto-uitstallings. Ons het twee vræ gestel naamlik:

- Watter siening mœt jy as kyker hê by so 'n uitstalling?
- Watter siening mœt jy as uitstaller hê by die uitstal van werke?

Ons het destyds gesels oor die eerste vraag en genœm dat ons in hierdie uitgawe van Fotografienuus aan die tweede vraag aandag sal gee; wat ons dan nou wil dœn.

Uitstallings en tentoonstellings is aan almal bekend en dit word ook op verskillende vlakke bedryf. Die vraag kan gevra word: Waarom vind foto-uitstallings plaas? Die volgende antwoorde kan gegee word:

- Op klubvlak: Om eie werke onder mekaar se aandag te bring – so leer die een by die ander. Dit kan gebeur by wyse van aand-byeenkomste waar daar saam na foto's gekyk en bespreek word. En miskien daarby die kies van beste foto's.
- Op provinsiale, nasionale en internasionale vlak: Om mededinging te bewerkstellig tussen fotograwe en wenner-foto's te identifiseer. Dit vind selfs op die hoogste vlak plaas by wyse van georganiseerde salonne.

Die saak met al hierdie soort uitstallings is die mate van kompetisie wat daar is. Nie alle fotograwe is kompetisie-gedrewe nie, en dus laat sulke uitstallings sommige fotograwe koud.

As alternatief kan daar dus ook geleenthede gereël word waar daar nie sprake van kompetisie is nie. Een so 'n voorbeeld is wanneer die rede vir 'n uitstalling opvœdkundig van aard is. Dit is dan ook die manier waarop Towerlantern sy foto-uitstallings bedryf.

Natuurlik is gehalte altyd 'n faktor by uitstallings, ongeag watter werkwyse gevolg word. Towerlantern is terdeë daarvan bewus. Daarom word dit tipies van studente verwag om 'n sekere hœveelheid foto's, sê 10, in te stuur, waaruit dan 3 gekies word. So vind "kompetisie" tussen foto's plaas en nie tussen fotograwe nie. Besluit dus as fotograaf self waar jy wil uitstal en onder watter omstandighede.

Ons verneem graag van ons lesers wat die gevœl is oor kompetisie-uitstallings van eie werke. Hou jy daarvan? Hou jy nie daarvan nie?

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

... na Ysland

Ysland – kerk en bergskap (Odyssey Tours)

Towerlantern Fotografie

- augustus 2024 -

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Ysland: ontstaan en ontwikkeling

Ysland is die grootste vulkaaneiland in die wêreld en ook die mees ylbevolkte Europese land. Sy ontstaan is baie interessant.

Die moderne uitgangspunt is dat die buitenste laag van die aarde, die litosfeer van sowat 100 km dik, verdeel is in tektoniese plate wat onafhanklik van mekaar oor die aardoppervlak beweeg.



Die Dyrhólæy-rots met die middernagson in die agtergrond

Twee van hierdie plate is die Noord-Amerikaanse plaat en die Eurasiese plaat. Hul grenslyn is in die noordelike deel van die Atlantiese Oseaan, genœm die Mid-Atlantiese Rif – en dié lyn loop reg deur die eiland Ysland. Ysland het dan juis sy ontstaan, en ontwikkeling, te danke aan die vulkaniese uitvlœisels van hierdie rif en hierdie werking gaan steeds nog voort. So byvoorbeeld het die klein eiland Surtsey ontstaan gedurende die tydperk 8 November 1963 tot 5 Junie 1968 uit 'n reeks vulkaniese uitbarstings.

Ysland: reisigers se droom

Hierdie geologiese verskynsels het tot gevolg dat die landskap van Ysland enige reisiger se droom is. Om iets daarvan te beleef – en te sien watter besondere foto-moontlikhede daar is, dœn eers die mœite om T*op 10 places to visit in Iceland* te besœk by
https://youtu.be/iBSbD_7bvE8?si=g7Ft7Klu3CfBAYtK

Ysland: fotograwe se uitdagings

Nadat jy hierdie video deurgekyk het, mag jy dalk oorweldig vœl deur die skoonheid van die land – en nie weet waar om met jou beplanning van 'n besœk aan Ysland te begin nie. En nog minder om te weet wat om te fotografeer. Blaai dan vir fototœre en -idees oor landskapfotografie, wildlewefotografie, kultuurfotografie, mensfotografie, noorderligfotografie en middernagsonfotografie deur hierdie gids:
https://guidetoiceland.is/nature-info/photography-in-iceland

'n Moontlikheid wat sterk aanbeveel kan word om die mooiheid van Ysland te leer ken, is om met 'n reisgroep saam te reis, waaronder die rit
Hœ om Ysland in 10 dæ te sien:
https://youtu.be/PCSqrpAWq1s?si=HRF7MBTwCoDct0Jv

Nog 'n foto-moontlikheid sou wees om die natuurtonele tematies aan te pak, byvoorbeeld watervalle of vulkaniese verskynsels. Die twee foto's hierby gee 'n idee van wat jy kan verwag.

Lawa-uitbarstings en -vlœd
Bron: https://www.cntraveler.com/story/iceland-new-era-of-volcanic-tourism

Gullfoss – Goue waterval – een van Ysland se mees ikoniese valle Bron: https://guidetoiceland.is/travel-iceland/drive/gullfoss

Ysland: natuur en kultuur

GAAN OP REIS
saam met Towerlantern

'n Besœk aan Ysland mœt ook insluit dat jy iets sal verstaan van die mense se kultuur. Watter invlœd het die land se geografie op die inwoners?

Ter agtergrond eers: Die oppervlakte van Ysland is ongeveer 103 000 vierkante kilometer (in vergelyking met 130 000 vierkante kilometer van ons Suid-Afrikaanse Vrystaat). Daar word geskat dat daar ongeveer 10 000 (tienduisend!) watervalle in Ysland is en ongeveer 130 vulkane! En ook nog læprofiel lawa-vlœiings.

Die vraag is dus: Hœ leef Yslanders onder sulke omstandighede? Wat is hul uitgangspunt in die lewe? Die antwoord kan gegee word deur te kyk na hul nie-amptelike leuse: *Petta reddast*. Dit beteken ongeveer "alles sal op die ou einde gœd uitwerk". Dit mœnie gesien word as 'n kan-nie-omgee lewenswyse nie; dis eerder 'n geval dat daar met versigtigheid saam met die natuur meegeleef word.

Dus, wat kultuur-fotografie betref: Fotografeer mense en hul dinge; besœk strate, markte en kuierplekke; leer 'n paar Yslandse woorde (sien ook die aparte rubriek hierby) en ervaar die land en sy mense eerstehands. Dit sal waarskynlik 'n besœk wees wat jy vir die res van jou lewe sal onthou.

Die amptelike taal van Ysland is Yslands. Kyk mens na 'n kaart van Ysland, kom die plekname baie vreemd voor. En tog, Afrikaans en Yslands is verlangs familie van mekaar. Beslis nie neefs/niggies nie, maar miskien wel agter-kleinneefs/-niggies. Albei tale is lede van die Germaanse taalgrœp, met Afrikaans (saam met onder andere Nederlands, Engels en Duits) lede van die Wes-Germaanse taalgrœptak en Yslands (saam met onder andere Sweeds en Deens) lede van die Noord-Germaanse taalgrœptak. Die volgende kort woordelys kan bietjie help met jou rondreis:

Baai	flóa
Berg	fjall
Canyon	gljúfur
Fjord	fjördur
Kerk	kirkju
Meer	vatn
Rivier	ánni
See	sjó
Strand	strönd
Waterval	foss

IKOON-FOTO'S

Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Wright_brothers

Ons het verlede maand gesels oor die eerste landing van mense op die Maan (Julie 1969). Dit was 'n groot menslike oorwinning. Nie minder nie is die eerste gemotoriseerde vliegtuig-vlug. Dié was slegs 66 jaar vroeër op 17 Desember 1903. Dit was 'n tuig wat na baie navorsingswerk deur die brœrs Orville en Wilbur Wright ontwerp, gebou en gevlieg is naby Kitty Hawk, Noord-Carolina, VSA.

Vir belangstellendes oor hierdie saak, lees meer by die Wikipedia-verwysing hierby. Hier is 'n samevatting van hierdie geskiedkundige dag:

Following repairs, the Wrights finally took to the air on December 17, 1903, making two flights each from level ground into a freezing headwind gusting to 27 miles per hour (43 km/h). The first flight, by Orville at 10:35 am, of 120 feet (37 m) in 12 seconds, at a speed of only 6.8 miles per hour (10.9 km/h) over the ground, was recorded in a famous photo [hierby afgebeeld]. The next two flights covered approximately 175 and 200 feet (53 and 61 m), by Wilbur and Orville respectively. Their altitude was about 10 feet (3.0 m) above the ground. The following is Orville Wright's account of the final flight of the day:]
Wilbur started the fourth and last flight at just about 12 o'clock. The first few hundred feet were up and down, as before, but by the time three hundred feet had been covered, the machine was under much better control. The course for the next four or five hundred feet had but little undulation. However, when out about eight hundred feet the machine began pitching again, and, in one of its darts downward, struck the ground. The distance over the ground was measured to be 852 feet; the time of the flight was 59 seconds. The frame supporting the front rudder was badly broken, but the main part of the machine was not injured at all. We estimated that the machine could be put in condition for flight again in about a day or two.

OP INTERNET GESIEN

“Unsupervised” is geneem deur Alexandrena Parker. Die foto was een van die wenners van die 1839-Tœkennings. (In die jaar 1839 is fotografie aan die wêreld “bekendgestel”.) Sy is bekend vir foto’s wat die uitbundigheid en vreugde van kinders uitbeeld.

Lees hier meer oor die wenners en die kompetisie:
https://mymodernmet.com/1839-awards-color-contest-winners/ https://1839awards.com/contests/winners/color

OP INTERNET GESIEN

Die *Royal Entomological Society* hou elke jaar 'n insekfoto-kompetisie vir amateurfotograwe. Hierdie foto was in 2023 een van die wenners. Kyk gerus hier vir meer inligting:
https://www.insectweek.org/art-and-photography/

"Look into my eyes" is geneem deur Pete Burford.

FOTO-idees

Idee 1: Skep met agterbeligting 'n kollig waarteen jy 'n klein toneeltjie kan afneem.

Towerlantern Fotografie

- augustus 2024 -

FOTO-idees

Idee 2: Fotografeer voorgrond-onderwerpe, byvoorbeeld grasse, met 'n læ son as agtergrond vir treffende tonele.

FOTO-idees

Idee 3: Terwyl jy ry let op na die wolke in die lug. Iewers gaan daar 'n mooi wolktoneel wees soos in hierdie foto. Hou stil en neem foto's.

FOTO-idees

Idee 4: Kombineer borrelende water, klippe en helder sonlig vir 'n treffende fotoreeks.

Towerlantern Fotografie

- augustus 2024 -



FOTO-idees

Idee 5: Skep jou eie "kolligte" met behulp van die tegniek van ontfokussering. Sorg dat jou foto's beslis 'n trefpunt het.

Towerlantern Fotografie

- augustus 2024 -

Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel.

Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

MINI-GALERY VAN
MARTIN RABIE, MODIMOLLE

Towerlantern Fotografie
- augustus 2024 -

Mini-galery

MINI-GALERY VAN
MARTIN RABIE, MODIMOLLE

My fotografie reis het in 2020 begin toe ek die "Leer Jou Kamera Ken" kursus van Johan by Towerlantern aangepak het, met my vrou se Canon SX 70 HS. My skoonma het vir my die kursus betaal, en die fotografie-gogga het my behoorlik gebyt. Ek verkies skoon en duidelike foto's bo snaakse komposisies, maar dit is goed om al die verskillende tegnieke te leer en te verstaan. Ek was veral gefassineer deur ICM-fotografie (*"Intentional Camera Movement"*), wat die mooiste abstrakte beelde skep.

Aanvanklik het ek gesweer ek sal nooit mensfotografie aanpak nie, maar hier is ek vandag met my Canon 7D Mark II en 35 mm f1.4 lens, en ek maak nou selfs 'n ekstra paar rand met fotosessies van gesinne, paartjies en kinders. Elke fotosessie is 'n leerervaring wat my aanspoor om meer navorsing te doen en my vaardighede te verbeter. Ek verkies steeds natuurfotografie, want die natuur praat nie terug nie en vra ook nie vir hul foto's nie!!

My volgende avontuur is "off-camera flash", 'n heel nuwe leerskool waaroor ek baie opgewonde is. Ek moet sê, as dit nie vir Johan was nie, sou ek nie gewees het waar ek vandag is nie.

(met toestemming van ouers)

- Martin Rabie -

Mini-galery



- Martin Rabie -

Mini-galery

- Martin Rabie -

Mini-galery

- Martin Rabie -

Mini-galery

- Martin Rabie -

Mini-galery

(met toestemming van ouers)

- Martin Rabie -

Mini-galery

VERWYSINGS EN BRONNE

Gaan op reis met Towerlantern ... na Ysland

- Kaart:
  https://iceland24blog.com/wp-content/uploads/2018/06/iceland-map-eight-regions.jpg
- Hooffoto:
  https://www.odysseytraveller.com/articles/lunar-landscapes-geology-iceland/
- Our top 10 things to do in Iceland:
  https://youtu.be/lGpZp_og6fE?si=Sen-YVEYQNsOOHLl
- Wikipedia:
  https://af.wikipedia.org/wiki/Ysland?variant=zh-tw

Ikoonfoto

- Foto-erkenning:
  https://en.wikipedia.org/wiki/File:First_flight2.jpg